In die Bosveldgroep probeer ons 'n natuurlike doringboomlandskap naboots. Verskillende Akasias kan vir die Bosveldgroep aanplantings gebruik word en dit kan afgerond word met rotse en gruisgrond om die idee van 'n koppie te simboliseer.

Geskikte bome vir groepaanplantings is:
Apiesdoring (Acacia galpinnii)
Swartapiesdoring (Acacia burkei)
Knoppiesdoring (Acacia nigrescens)
Swarthaak (Acacia mellifera)
Blouhaak (Acacia erubescens)

Ander Akasia soorte kan ook gebruik word maar ervaring het geleer dat baie van die Akasias die probleem van terugsterwing het.

2. DIE PLATKROONSTYL:

Hierdie styl is baie na verwant aan die Pierneefstyl met die enigste verskil dat die boom nie 'n ronde kroon het nie, maar 'n plat kroon soos die naam aandui. Ons vind voorbeelde in die natuur veral in die Oos-Transvaal en in Natal, waar baie papierbasdorings (Acacia sieberana) aangetref word. Wie ken nie die pragtige gesig van die platkroon doringbome naby Ladysmith op pad na Durban toe nie? Dit is onlosmaaklik 'n tipiese groeiwyse van die Akasia en deel van die Afrika kontinent. Mooi voorbeelde kan ook in die Pretoriase Botaniese Tuin gesien word. Soos in die Pierneefstyl kan ons ook enkelstammige platkroon- sowel as meerstammige platkroonstyle kry.

- Die Acacia abyssinica Ook die Inyanga Platkroon genoem wat in Malawi en Midde-Afrika voorkom. Die bome het 'n soortgelyke platkroon soos die Acacia sieberana (Papier-basdoringbome).

2.1. DIE ENKELSTAM PLATKROONSTYL:



- 'n Belangrike faset van die Platkroon-styl is dat die buitenste raamtakke uitermate lank is. Dit veroorsaak dat die boom 'n plat voorkoms kry aangesien die takke ongeveer ewe lank is en dus 'n ronde sirkel vorm.

Omdat die raamtakke buitengewoon lank en meestal ewe lank is, vorm die boom 'n perfekte ronde plat kroon. As gevolg hiervan ontstaan daar nie krone op verskillende vlakke nie en verskil dit dus van die Pierneefstyl daarin dat die platkroonstyl hoofsaaklik een kroon het.